

H O O F S T U K V .

DIE VERHOUDING TUSSEN KERK EN OWERHEID MET BETREKKING
TOT DIE KERKREGERING VOLGENS DIE PRESBITERIALE STELSEL.

In die gebed van Jesus vir Sy dissipels in Johannes 17 kom dit duidelik na vore dat die kerk teenoer die wêreld staan: „Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.”¹⁾ Die kerk verkeer in gevaar in hierdie wêreld. „Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.”²⁾ Hierdie waarheid ervaar die kerk vanaf die begin van sy bestaan en ontwikkeling ná die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Die owerhede is openlik vyandiggesind teen die kerk³⁾ of in so 'n mate onverskillig daarteenoor dat dit die reg van die kerk ook nie ag nie.⁴⁾ So sal dit as reël in 'n mindere of meerdere mate bly tot aan die einde van hierdie bedeling wanneer die kerk dié vyand sal wees wat die owerheid sal wil uitdelg.⁵⁾ Dit is 'n werklikheid wat seker meespreek in die bepaling van die verhouding tussen kerk en owerheid met betrekking tot die kerkregering.

1). Historiese oorsig met betrekking tot art. 36 N.G.B.

Word gevra na 'n positiewe aanduiding in die Nuwe Testament dat die owerheid 'n plig teenoor die kerk

1). Joh. 17:16.

2). Joh. 17:15.

3). Vgl. o.a. Handeling 5:17. v.v.

4). Vgl. Handeling 18:12 v.v.

5). Vgl. Openbaring 12 en 13.

het „dient eenvoudig erkend, dat het Nieuwe Testament haar geen enkele bepaalde gedraging jegens de Kerken oplegt.“⁶⁾ Die Nuwe Testament toon egter duidelik aan dat die kerk en owerheid twee groothede is aan wie elk 'n funksie toegeken is. Die taak van die kerk is om 'n lig vir die wêreld, 'n stad op 'n berg te wees,⁷⁾ terwyl dit die taak van die owerheid is om die orde so te bewaar dat die menslike samelewing moontlik sal wees in hierdie sondige wêreld.⁸⁾

Met betrekking tot die verhouding tussen kerk en owerheid word dit duidelik as die taak van die kerk gestel om die owerheid as 'n instelling van God te erken en dat die gelowiges daaraan gehoorsaamheid verskuldig is.⁹⁾ Die verskuldigde gehoorsaamheid aan die owerheid word egter beperk deur die gehoorsaamheid wat aan God, be alles, toekom.¹⁰⁾ Daaruit moet gekonkludeer word dat hoewel kerk en owerheid op verskillende terreine, as twee aparte en onafhanklike instellings van God staan in hierdie wêreld, die een tog nie los van die ander gedink kan word nie en dat daar vlakke van aanraking is wat daartoe lei dat die een van die ander moet kennis neem en sy verhouding teenoor die ander moet bepaal. Die kerk is nie van hierdie wêreld nie, maar tog daarin; dit moet daarmee rekening hou dat daar 'n owerheid is, aan wie alle mense gehoorsaamheid verskuldig is. Die owerheid moet ook daarmee rekening hou dat die kerk as liggaam

6). A. Kuyper: De Gemeente Gratie. 3de Deel. 3de Druk. Kok Kampen 1932. p.217. Vgl. ook p.290.

7). Vgl. Matt. 5:13-16.

8). Vgl. Romeine 13:1-7 en 1 Tim. 2:1, 2.

9). Vgl. Romeine 13:1-7.

10). Vgl. Handeling 4:18-20.

van Christus 'n taak het. Die owerheid se houding teenoor die kerk word egter nie met soveel woorde in die Nuwe Testament bepaal nie.

Wat die Ou Testament betref, skyn dit of die saak anders is; asof daar in genoegsame gegewens opgesluit is om te bepaal wat die taak van die owerheid met betrekking tot die kerk is. Daar moet egter groot versigtigheid betrag word as op die Ou Testament 'n beroep gedoen word vir die juiste bepaling van die plig van die owerheid teenoor die kerk. In die Ou Testament is daar van 'n selfstandige kerklike instituut nog geen sprake nie. Die kerk kom in hierdie bedeling op 'n heel ander wyse tot openbaring as in die tyd van die Nuwe Testament. In Abraham se tyd is die kerk byvoorbeeld geheel ingewef in die huislike en patriargale lewe. In Egipte weer het dit alleen patriargaal voortbestaan, terwyl die wet van Moses die patriargale lewe omgesit het in die lewe van 'n volk. Die godsdienstige lewe is dan ook geheel en al in die nasionale instelling van die volk ingewef. Gedurende die tyd van Dawid en veral Salomo kry die nasionale lewe sy godsdienstige middelpunt te Sion waar die tempel verrys. Van 'n afsonderlike optrede van die kerk in 'n eie gestalte en met 'n eie organisasie begin daar eers sprake kom as Jesus die twaalf dissipels afsonder. Maar eers met Pinkster het die kerk hom heeltenal losgemaak van die Joods-nasionale bande.^{11(a)}

Daarby moet ook in gedagte gehou word dat die owerheid van Israel iets anders was as dié van die ander

11(a). Vgl. A. Kuyper: De Geneene Gratie. III. p.p. 213/4.

volke. God self het in Israel regeer en die owerheid was alleen instrumente wat sy wil in die regering van die volk moes verwerklik. Israel was 'n teokrasie en dit is geen ander volk nie. Derhalwe is daar geen vergelyking tussen die Israelitiese owerheid en ander owerhede moontlik nie. Die verhouding tussen kerk en owerheid is ook om hierdie rede dus nie „Zonder meer op die verhouding tusschen onze Kerken en onze Overheid over te brengen.“¹¹⁾ Gesoek moet word na die ewige beginsels wat verskuil lê in die Ou en Nuwe Testamente met betrekking tot die verhouding tussen kerk en owerheid.

Ná Pinkster ontwikkel die kerk onafhanklik van die staat en die kerkvaders staan gedurende die eerste eeue afwysend teenoor die wêreldlike owerheid. Hulle ervarings met die owerheid werk tot hierdie optrede mee omdat die kerk in die eeue steeds vervolgd is en alleen leed van die owerheid te wagte kon wees. Toe die Christendom egter tot triomf gekom het met die regering van Konstantyn, het die kerk hom skielik in 'n bevoorregte posisie bevind. Die Christendom het eers as 'n staats-erkende godsdienst naas die ander godsdienste vryheid van godsdienssoefening ontvang, maar is weldra tot staatsgodsdienst verhef. Daarna is die heidendom gewelddadig onderdruk; hoewel die heidense massas nie vervolgd is nie, is hulle skole tog gesluit en hulle priesters vervolgd en „eredienste“ verbied. Die behaalde triomf moes verseker word, „niet door geestelijke middelen maar door nachtsdaden en daden van geweld.“¹²⁾

11). A. Kuyper: De Geneene Gratie. III. p.215.

12). A. Kuyper: De Geneene Gratie III. p.205.

Met Constantyn het ook die Caesaropapisme wortel geskiet. Die owerheid het vanaf Konstantyn dit meer en meer as sy taak begin beskou om die kerk te regeer. Waar die kerk eers net begunstig is deur die owerheid, het dit al hoe meer onder die gesag van die owerheid gekom. Die ontwikkeling van die verhouding tussen kerk en owerheid loop dan uiteindelik uit op die vestiging van die staatskerk tydens die regering van Theodosius. Die kerk was staatskerk, onderworpe aan die owerheid.¹³⁾

In hierdie verhouding het die keiser dit wel ingeskerp dat die volk aan die pous gehoorsaam moet wees, maar ook aan die pous en geestelikheid voorgehou dat hulle aan hom die keiser, onderworpe was. Waar die pous as stedehouer van Christus op aarde beskou is, en waar alle dinge aan Christus onderworpe is, het daar vanselfsprekend 'n spanning tussen die hiërargie en die owerheid ontstaan. „Het was te voorzien, dat de pous van onder de werledlijke macht zochten vrij te komen.“¹⁴⁾ Dit was uiteindelik ook te voorsien dat die pouse as gevolg van die leer dat die pous twee swaarde dra, nie net tevrede sou wees met blote verwerping van die owerheids-gesag in die kerk nie; maar sou streef na die onderwerping van die owerheid aan die kerk; die pous. Gregorius VII verklaar dan ook: „Des pausen legaat staat boven alle bisschoppen in elk concilie. Des pausen voeten moeten alle vorsten kussen.“¹⁵⁾ Prakties het die

13). Vgl. F.W. Grosheide: Geschiedenis der Kerk. Eerste Deel. Kerk Kampen. s.j. p.p. 149 e.v.

14). F.W. Grosheide: e.a. : a.w. I. p.310.

15). F.W. Grosheide e.a.: a.w. II. p.14.

pretensie van die pous dat hy as stedeheuer van Christus ook die potentate van alle potentate is, werklikheid geword gedurende die 13de eeu. Incentius III het sowel die Italiaanse as die Duitse, Franse en Engelse vorste aan hom onderwerp. As draer van sowel die geestelike as wêreldlike swaard het die pous as opperste heer oor kerk en staat geregeer. Hierdie pretensie kon die pous alleen vir 'n kort tydjie handhaaf. Reeds teen die einde van die dertiende eeu en aan die begin van die veertiende is die mag van die pous as wêreldheerser aansienlik ingekort deur die optrede van Philips die Skone van Frankryk.¹⁶⁾ Dit was die begin van die ineenstorting van die wêreldryk van die pous. „Met Bonifatius VIII daalde in 1303 die laatste groote personifikasie van die idee der pouslike wereldheerschappij ten grave. Die Theorie nocht nog warme verdedigers vinden en een enkele poging nocht nog worden gedaan om ze in practijk te brengen, het was en bleef toch uit met den overheerschenden invloed van den pous in wereldsche zaken.“¹⁷⁾

Tydens die Reformasie word teruggekeer na die Skriftuurlike uitgangspunt van 'n selfstandige kerk teenoor 'n selfstandige owerheid. Die owerheid is nie aan die kerk onderworpe nie en die kerk ook nie aan die owerheid nie. Albei is op die terrein aan God se Woord onderworpe. „Alles soll Christo unterthan sein, der Staat wie die Kirche.“¹⁸⁾ Die owerheid is 'n instelling

16). Vgl. F.W. Grosheide e.a. : a.w. II. p.50.

17). F.W. Grosheide e.a.: a.w. II. p.55.

18). Karl Rieker: Grundsätze reformierter Kirchenverfassung. p.188.

van God en moet gehoorsaam word omdat „het God liefd heeft hun deze macht te geven en dat Hij hen in het bezit daarvan handhaaft.“¹⁹⁾ Selfs al sou die owerheid die volk tiranniseer, moet dit nog erken en gehoorsaam word, want dit is God se voersionige bestuur dat so 'n owerheid die mag bekem het om te regeer. God sal self op sy tyd sodanige tirannie in gerig neem. Solank God so 'n owerheid laat regeer, kan die gelowige alleen by hantkla oor die onreg en verdrukking.²⁰⁾ Al gaan mense ferd, die ordinansie van God bly vas. Die owerheid is ingestel om die sondeverwoesting, ten minste in sy brutaalste uitinge, te beteuel, sodat die menslike samelewing menslik kan wees. Dit moet 'n toestand van betreklike vrede, orde en veiligheid op aarde handhaaf.²¹⁾ Die taak van die owerheid kan alleen deur wetgewing en wetshandhawing velbring word. En in die wetgewing is die sedewet van God die norm vir die owerheid. Die positiewe reg moet 'n weerspieëling van die onveranderlike sedewet wees.²²⁾ Vir die reformatore het die owerheid 'n taak ten opsigte van beide tafels van die wet. Die owerheid is nie net verplig om die onderlinge verhouding van mense ooreenkomstig die tweede tafel van die wet te reël nie, maar oek moet dit sorg dra vir die suiwere religie ooreenkomstig die eerste tafel. Die suiwere religie moet met alle middele tot beskikking van die owerheid besker

19). D.J. De Groot: De Reformatie en de Staatskunde. T. Wever. Franeker. 1955. p.123.

20). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.124. Vgl. ook Calvyn: Institusie IV. XX 25-29. p.p. 586-592.

21). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.135.

22). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.141 en Calvyn: Institusie IV. XX. 14-16. p.p. 574. e.v.

en bevorder word, terwyl alle afgodery en valse godsdiens as trydig met die eer van God en skadelik vir die geestelike welsyn van die volk teengestaan, verbied en uitgeroei word.²³⁾

Deur die sorg vir die godsdiens aan die owerheid op te dra, het die reformatore egter nie die burgerlike en kerklike regering wou vermeng nie. Hulle bly ewe sterk staan op die onderskeid en selfstandigheid van albei regerings. Luther skei die staat van die kerk teoreties absoluut van mekaar. Daarom is dit ook volgens Sohn onmoontlik dat die kerk en staat met mekaar in botsing kan kom. Die owerheidsgesag raak nie die siel nie, maar die lyf en goed, terwyl die kerklike gesag die siel raak. Die owerheidsgesag word uitgeoefen deur die swaard en lyfstraf; die kerklike gesag kan alleen op geestelike wyse deur lering, oorrading en vermaning of die aansegging van die oordeel uitgeoefen word. „Darum soll man die zwei Regiment, das geistlich und weltliche, nicht in einander mengen und werfen.“²⁴⁾ In die praktyk laat Luther egter toe dat die owerheid die kerk oorheers. Dit gebeur veral, naas die praktiese omstandighede wat die toepassing van sy teorie onmoontlik maak het, omdat hy die owerheidspersone as vernaamste lede van die kerk 'n gesagvolle plek in die kerk toeken. Die owerheid tree dan in kerklike sake op, nie as owerheid nie, maar as vernaamste lid van die kerk om godslastering en valse leer te weer en om die suiwere godsdiens te beskerm.²⁵⁾ Die owerheid het as

23). Vgl. Calvyn: a.w. IV. XX. 3. p.558.

24). R. Sohn: Kirchenrecht. p.488.

25). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.156 en R. Sohn: a.w. p.569.

owerheid egter geen taak om dwaalleer te oorwin of uit te roei deur die kettters te straf nie. „Ketzerei is ein geistliches Ding, das kann mann mit keinen Eisen hauen, mit keinen Feuer verbrennen.“²⁶⁾ Dit beteken egter nie dat die owerheid niks met geestelike sake te doen het nie. Openlike dwaalleer is 'n verbreking van die uiterlike regsorde en daarmee het die owerheid wel te doen. Daarom moet openlike dwaalleer as oproer gestraf word. Dit is geen dwang tot geloof nie, elkeen kan by homself glo wat hy wil, maar hy moet die uiterlike regsorde respekteer. En as hy dit nie doen nie, maar openlik teen die ontwyfelbare geloofsbelydenis wat op die Skrif gegrond is ingaan, is dit godslastering en moet as godslastering gestraf word. „Die weltliche Gewalt hat Macht über die öffentliche Lehre in Lande: Nicht Macht die öffentliche Lehre zu machen oder festzustellen, aber Macht und Pflicht, falsche öffentliche Lehre zu verbieten und zu straffen.“²⁷⁾ Wanneer daar stryd is oor watter leer in die land moet geld, beslis die owerheid. Dit stel nie die leer vas nie, maar beslis watter leer geldig is in die land; daartoe is die owerheid kragtens sy amp verplig. „Sie nuzs sich für eine Lehre entscheiden, denn das burgerliche Gemeinwesen kann (so ist die meinung)²⁸⁾ nur auf eine und zwar nur de wahre Lehre gegründet sein!“

Deur aan die owerheid as vernaamste lid van die kerk 'n belangrike seggenskap te gee in die kerk, sowel as om die keuse van wat die ware leer is aan die

26). R. Schm: a.w. p.546/7.

27). R. Schm: a.w. p.554.

28). R. Schm: a.w. p.554.

owerheid op te dra, het Luther en die Lutherane reeds die selfstandigheid van die kerk aan die owerheid prysgegee. Dit kan dan ook nie anders as dat die owerheid uiteindelik die kerkregering geheel en al oorgeneem het nie.

Zwingli en Calvyn maak nie die absolute skeiding tussen kerk en staat soos Luther nie. Die sorg vir die diens van God is die vernaamste taak van die owerheid en as hy dit verwaarloos, sal hy die res van sy taak nie behoerlik kan volbring nie.²⁹⁾ Die owerheid moet die suiwere godsdiens bevorder en beskerm en teen valse leer en kettery met dwangmaatreëls optree.³⁰⁾ Beza en G. de Bres sluit hulle hierin heeltemal by Calvyn aan en beroep hulle onder andere op Deut. 13 en 17:2-7. Die Here wil dat die swaard wat hy aan die owerheid gegee het, gebruik moet word om sy eer te handhaaf, om te sorg dat daar eenheid van geloof en goeie gedrag is en om daarmee iemand wat versteuring bring en onkruid saai, uit te roei. Daar word egter nie geëis dat die owerheid teen elkeen wat van die suiwere leer afwyk, moet optree nie. Die doodstraf moet in elk geval alleen toegepas word teenoor gevaarlike kettters wat hardnekkig volhou om godslasterlike leringe te versprei. „Het gaat er dus niet om, om alle afgodendienaars te straffen, maar om degenes, die afgodendienaars zijn, terwijl zij leven in een gevestigde kerk met een zeker vastgestelde religie en de zaken goed bekend zijn.”³¹⁾ So is Servet deur

29). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.159. en Calvyn: Institusie: IV. XX. 9. p.566.

30). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.165; A.D.R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis IV. p.p.273/4.

31). A.D.R. Polman: a.w. IV. p.278. Vgl. D.J. de Groot: a.w. p.165.

die owerheid van Genève ter dood veroordeel met die volle instemming van Calvyn en alle leiersfigure van die Reformasie. Selfs die sagsinnige Bullinger en Melancton is daarmee eens dat die owerheid Servet nie mag laat lewe nie.³²⁾

Die reformatore kan in die lig hiervan nie as „de grote kampioenen van die vryheid van geweten en religie” geprys word nie.³³⁾ Die groot beswaar teen Filips II van Spanje was dan ook nie dat hy die swaard tot beslegting van godsdienssake gebruik het nie, maar wel dat hy dit verkeerd gebruik het. Hy moes die hervormers eintlik in beskerming geneem het en die Roomse dwalinge en afgodery uitgeroei het. Die eintlike voorstanders van gewetens- en godsdiensvryheid was in die tyd van die reformasie veel eer sekere Humaniste en Doopsgesindes. Hulle het geëis dat aan elkeen vryheid gegee sal word om te glo en te leer wat na eie oortuiging waar is.³⁴⁾ Die reformatore handhaaf egter gewetensvryheid in die sin dat die owerheid niemand tot die geloof kan dwing nie en dit was ook nie hulle doel met die plig wat hulle aan die owerheid opgedra het nie. Elkeen kan privaat in sy hart glo wat hy wil, maar wat strydig is met die suiwere religie, soos uitgedruk in die offisiële belydenis, mag nie in die openbaar verkondig of beoefen word nie. „Het komt dus eigenlijk hierop neer, dat de afwijkende overtuiging slechts vrij is, zolang zij niet in de openbaarheid treedt, en dat men zich niet op zijn geweten beroepen kan, wanneer dit een ander getuigenis geeft dan de Heilige Schrift of de officiële aanvaarde interpretasie der Heilige Schrift in de

32). Vgl. D.J. De Groot: a.w. p.167.

33). Vgl. D.J. de Groot: a.w. p.171.

34). Vgl. D.J. de Groot: a.w. p.171.

Confessie." ³⁵⁾ Calvyn stel egter as voorbehoud dat die taak van die owerheid alleen so gesien kan word waarin gevestigde toestand, soos in Genevé, heers, naamlik dat die ware godsdiens deur volk en owerheid aanvaar is. Die owerheid moet dan sorg dat die toestand gehandhaaf bly. Die owerheid kan dus alleen optree teen onttrekking aan of vervalsing van die ware diens van God, waar dit reeds gevestig is. ^{36(a)}

Waar die ware godsdiens nog nie gevestig is nie, moet, altans voorlopig, genoeg geneem word met 'n minder volkome toestand waarin die Gereformeerde godsdiens byvoorbeeld langs die Roomse vry mag staan. Dit is veral die rigting wat tydens die Reformasie aanvanklik in die Nederlande en Frankryk opgegaan is waar skerpe verdeeldheid onder die bevolking op godsdienstige gebied was. Gaandeweg het in die praktyk die oortuiging gegroei „dat de Overheid inzake de religie haar plicht doet, wanneer zij voorzover dat in haar vermogen ligt er voor zorg draagt, dat de verkondiging van het Woord van God en de verdere dienst der Kerk ongehinderd kan plaats hebben." ³⁶⁾ Dit was egter nie die reformatore se opvatting nie. Kerk en owerheid is wel streng geskei, met elkeen sy eie taak, maar tog is daar 'n noue verband tussen albei, veral omdat die owerheid ook 'n taak het ten opsigte van die eerste tafel van die wet. Dit is tewens die vernaamste taak van die owerheid om die eer van God te dien deur beskerming van die ware godsdiens en die onderdrukking van dwalinge en die straf van kettters.

35). D.J. De Groot: a.w. p.173.

36(a) Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.286.

36). D.J. De Groot: a.w. p.183.

Kerk en owerheid het dan vir 'n belangrike deel hulle taak op dieselfde terrein. Die owerheid het 'n gewigtige opdrag waarby die kerk ook betrokke is. Dit hou egter gewigtige gevolge in. „De handhaving van de suivere leer en de uitroeiing van de kettery komt immers in de praktijk neer op de bescherming van de ware Kerk en het verbieden en weren van andere kerkformaties, die zich daartegenover stellen. De overheid kan dan niet buiten de strijd der Kerken blijven zonder ontrouw te worden in de bediening van haar ambt.“³⁷⁾ Die owerheid kan ook nie, veral ten opsigte van die eerste tafel van die wet, sy taak volbring anders as in samewerking met die ware kerk nie. Die kerk moet aan die owerheid die interpretasie van die woord en wet bied.

Zwingli kan in die praktyk die beginsel dat kerk en owerheid twee selfstandige groothede naas mekaar is wat hulle selfstandigheid moet handhaaf - al is daar 'n noue verband tussen hulle in die uitvoering van hulle taak en al het hulle mekaar nodig - nie handhaaf nie. Onder die drang van omstandighede gee ook hy die regering van die kerk oor aan die owerheid. Hy doen dit egter met die uitdruklike voorbehoud dat die kerkregering nie aan die owerheid toekom kragtens 'n bevoegdheid van die owerheid nie, maar alleen omdat die kerk die bevoegdheid tydelik aan hom oorgedra het. Dit is geen definitiewe oordrag nie „maar van zulk een, waarop de Kerk, wanneer zij dat nuttig zou oordelen; ten allen tyde zou kunnen terugkomen.“³⁸⁾

37). D.J. De Groot: a.w. p.187.

38). *ibid.* p.194.

Calvyn swig egter nie geheel en al voor die drang van omstandighede nie. By die belangrike taak wat hy aan die owerheid toeken ten opsigte van die sorg vir die ware godsdiens staan hy egter vas op die beginsel dat die owerheid geen seggenskap in kerklike sake het, of deel het aan die kerkregering nie. Toe die Raad van Genève, veral vanaf 1537, die reg van die kerkraad insake die uitoefening van die tug en die vasstelling van die liturgie misken het en dit vir homself wou toe-eien, het Calvyn, ten spyte van sy besliste uitsprake dat die owerheid die hand aan die heilige kerkdiens moet hou, getoon dat hy daarmee nie bedoel het om aan die owerheid regeermag in die kerk toe te ken nie. Hy het, al was hy in middelmatige dinge baie toegewend teenoor die eise van die Raad, hom eerder laat verban as om toe te laat dat die owerheid hom met die kerkregering bemoei. En hy het eers teruggekeer na Genève nadat die owerheid hom verseker het dat die regering van die kerk in die hande van die kerkraad gelaat sal word. „Volgens Calvyn moest de Kerk onafhankelijk zijn.”³⁹⁾ Die kerk maak sy eie verordeninge en die owerheid moet met sy mag die eenmaal gestelde orde beskerm. Net soos kerklike persone aan die owerheid onderworpe is as burgers van die staat - so is ook alle owerheidspersone as lede van die kerk soos alle ander lidmate aan die kerkraad onderworpe.⁴⁰⁾

Die beginsels wat Calvyn, Beza, Bullinger en G. de Bres, neerlê met betrekking tot die verhouding tussen kerk en owerheid het 'n beslag gevind in die

39). E. Doumergue: Calvyn in het Strydperk. Vertaal deur W.F.A. Winckel. Amsterdam 1904. p.228. Vgl. ook p.p. 235 e.v. en p.485.

40). Vgl. Calvyn: Institusie IV. XII. 7. p.263.

Nederlandse Geloofsbelydenis in die sinsnede: „En hulle amp is nie alleen om ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die Evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos H₁ in sy Woord beveel.“⁴¹⁾ Histories kan die woorde alleen volgens die interpretasie van sommige, soos Kuyper, Polman, e.a. verklaar word in die sin dat die owerheid verplig is om die diens van woord en sakramente in stand te hou, te bewaar en te handhaaf.⁴²⁾ Die owerheid word ook die plig opgelê om afgodery en valse godsdiens desnoods met die swaard uit te roei;⁴³⁾ alle die ware kerk wat volgens die grondslae van die evangelie hervorm gesuiwer of gereformeer is, moet geëer word; slegs een vorm van die kerk mag erken word.⁴⁴⁾ In sy

41) Die Nederlandse Geloofsbelydenis: art. 36. Vgl. Oorspronklike Latynse teks by Dr. J.N. Bakhuizen van den Brink: De Nederlandsche belijdenisgeschriften vergelykende teksten samengesteld door.... Amsterdam 1940. „Horum autem officium est, ut non modo curam garant et pro conservanda politia excubent, verum etiam ut sacrum tueantur Ministerium omnemque idololatricam et adulterinum Dei cultum submoveant et evertant, regnum Antichristi diruant, Christi verum regnum promoveant operamque dent, ut verbum Evangelii ubique praedicetur, que Deus ab unoquoque prout Verbo suo exigit, honoretur et colatur.“ p.135 en Nederlandse teks. p.137.

42). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.285.

43). Vgl. Acta der Generale Synode van de Geref. Kerken in Nederland(1905). Amsterdam-Pretoria-Potchefstroom.p.276; A.D.R. Polman: a.w. IV. p.p. 285 e.v. A. Kuyper: De Gemeene Gratie III. p.94.

44). Vgl. A. Kuyper: De Gemeene Gratie III. p.p. 94, 242.

briewe aan Vorste word duidelik getoon dat Calvyn wou sien dat die owerhede die ryk van Christus moet bevorder en dié van die antichris ten gronde moet rig, deur te sorg dat die volk in die suiwere leer onderrig word. Die vernaamste middel daartoe is die suiwere prediking van die Woord. Die vorste moet dan sorg dat die predikers „geen parade van Rhetoriek geven, om zichzelf alleen te doen gelden, maar goede trompetten van de Geest zijn.“⁴⁵⁾ Verder moet die owerheid sonder „moderatiese“ optree teen die Roomse afgodery en superstisies en ook alles doen om die sedelike peil van die volk op te hef.

Hoewel Calvyn veel beter die beginsel van die selfstandigheid van die kerk in die kerkregering kon handhaaf as ander reformators soos Luther en Zwingli, moes hy ook maar genoeg neem met 'n verreagaande owerheidsinmenging in die kerklike sake. Hy moes in Genève o.a. toegee aan die eis van die Raad om twaalf oudstes, deur hulle gekies, by die konsistorie te voeg. Calvyn kry dit wel reg om die kerkregering uit die hande van die owerheid te hou en by die kerkraad te laat berus, maar die owerheid kry tog ook seggenskap in die kerkregering deur die twaalf raadsvertegenwoordigers wat in die kerkraad sitting gekry het. Tot suiwere afbakening van die grense tussen die owerheid en die kerk kon Calvyn te Genève nie kom nie. Deels is dit seker aan die tydsgees, waarin die owerhede nog uiters gevoelig was vir die oorheersing of poging tot oorheersing deur die kerk toe te skryf. Deels is die owerheidsbemoeiing in die kerkregering egter ook te wyte aan die taak wat Calvyn en sy medestanders aan die owerheid uit beginsel toegeken het. Waar die reformatoriese beginsel

45). A.D.R. Polman: a.w. IV. p.287.

eis dat die owerheid 'n taak het ten opsigte van die eerste tafel van die wet, hoef dit nie aanleiding te gee tot 'n ingryping in die kerkregering nie. Maar waar die beginsel insluit dat die owerheid die hand aan die kerkdienst moet hou in dié sin dat hy moet sorg vir die instandhouding, handhawing en bewaring van die suiwere dienst van Woord en sakrament; terwyl die sorg dat daar dienaars van die Woord moet wees en die toesig dat hulle „goede trompetten van de Geest zijn” ook by die owerheid berus, word kragtens die beginsel aan die owerheid ook 'n plek in die kerkregering toegesê. Kuyper beweer dan ook dat die caesaropapisme wat tydens die bewind van Konstantyn wortel geskiet het, via die Reformasie sy beslag gekry het in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.⁴⁶⁾

Die Nederlandse Gereformeerde Kerke het blykens die geskiedenis van die begin af moeite gehad met die beginsels wat neergelê is ten opsigte van die verhouding tussen kerk en owerheid met betrekking tot die kerkregering. Die eerste tyd het die kerke onder die kruis, vir sover hulle nie deur vyandige owerhede gewelddadig onderdruk is nie, hulle selfstandigheid in die kerkregering kon handhaaf. Maar ná die bevryding van die Nederlande en onder 'n goedgesinde owerheid moes die kerke dadelik begin worstel om die kerk se selfstandigheid teenoor die owerheid nie prys te gee nie. In die praktyk is dadelik gestuit teen veel praktiese besware wat voortvloei uit die beginsels soos neergelê in art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.⁴⁷⁾ Die owerheid het as beskermmer en versorger van die kerk van die begin af aanspraak gemaak op seggenskap in die kerkregering. Die

46). Vgl. A. Kuyper: De Gemeene Gratie III. p.207.

47). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV.p.449.

owerheid het wel aanvanklik nie die kerkregering as sodanig kon bemeester nie, maar die acta van die sinodes van die Gereformeerde Kerke in Nederland gedurende die sestiende eeu spreek duidelik van toegewinge aan die onwrikbare eis van die owerheid om seggenskap veral in die beroeping van predikante.⁴⁸⁾ Pogings is ook deur die owerheid in die werk gestel om 'n kerkorde deur die kerke te laat aanvaar, waarin aan die owerheid 'n belangrike aandeel in die kerkregering toegeken word.⁴⁹⁾

Die kerke het aan die ander kant ook kragtens die beginsel in artikel 36 opgesluit, van die owerheid verwag om voorsiening te maak vir die stoflike behoeftes van die kerk. Die versorging van predikante en die beskikbaarstelling van pastorieë en kerkgeboue is as vanselfsprekend aanvaar. Dit is tog die minste wat verwag kan word van die owerheid wat moes sorg vir die invoering en handhawing van die ware godsdienst.⁵⁰⁾

48). Vgl. F.L. Rutgers: Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw. o.a. Acta 1578. art. 4. p.235; Acta 1581, art. 4, p.377; acta 1586; art. 4, p.488 en 5, p.489; art. 8. p.490.

49). Vgl. C. Hooijer: Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten (1563-1638). Zalt-Bommel 1865. p.113. „Kerkelijke wetten op last van de Staten van Holland en Zeeland ontworpen in 1576." Opmerklik die inleiding deur Hooijer „De Staten van Holland en Zeeland hebben de zaak van de godsdienst wel ter harte genomen en er ijverig de hand aan geslagen....." Vgl. ook p.225 e.v. „Kerkelijke wetten; op last der staten van Holland ontwerpen 1583; p.284. idem „door de staten van Utrecht gemaakt en gearresteerd 1590; idem „by politieken en kerkelijken ontwerpen te 's Gravenhage 1591. p.324.

50). Vgl. D.J. de Groot: a.w. p.207.

Andersyds is by die owerheid telkemale aangedring om plakkate uit te reik teen „die oefeningen van die pauselijke afgoderije ende superstitiën, de wederdopers of Mennonieten in het land niet zou dulden....."51)

Die gevolg van die feit dat die kerk stoflik deur die owerheid versorg is, en dat so swaar op die owerheid se arm geleun is in die vestiging van die Reformasie en die stryd teen die dwaalleer, was dat die kerk onder verpligting by die owerheid gestaan het en al hoe meer moes swig voor die eise wat dit gestel het. Wie die beurs dra, so het die owerheid die kerke laat voel, moes ook die beheer en regering in hande hê óf tenminste 'n ernstige woord in in die regering kan meesprek.

Belangrike owerheidspersone het al hoe meer van die standpunt uitgegaan dat die owerheid as beskermmer en versorger van die kerk eintlik ook die kerkregering in hande moes hê. Hierin is hulle veral vanaf die begin van die sewentiende eeu, sterk gesteun deur die Remonstrante wat aanhangers van die Erastianisme was. Die voorgeskiedenis van die Sinode van Dordrecht spreek van die titaniese stryd wat die kerk moes voer om sy selfstandigheid en om die kerkregering self te kan waarneem. Gesteun deur die dwaalleraar Arminius en sy partygenote het die owerheidspersone uitgegaan van die standpunt dat die opperbestuur oor die kerk by die owerheid berus. Kerklike vergaderinge kon alleen deur die owerheid saam geroep word.⁵²⁾ En as die sinode uiteindelik gedurende 1618 en '19 byeengeroep word, is dit alleen omdat 'n owerheid deur 'n staatsgreep aan bewind gekom het wat die

51). Acta der Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland 1905. p.283.

52). Vgl. Dr. L.H. Wagenaar: Van Strijd en Overwinning. De groote Synode van 1618 op '19, en wat haar voorafging. Utrecht. s.j. p.p. 76 e.v.; Ypey en Dermout: Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk II. p.p. 193 en 464.

kontra-remonstrante goedgevind was. Dat die sinode byeengeroep is, was nie omdat die owerheid die Erastiaanse beginsel prys gegee het nie, maar omdat hy dit goedgevind het om die kerke, onder owerheidstoetsig die leergeskille te laat beslis.⁵³⁾ Ook die veelgeroemde sinode van Dordrecht is dus nie 'n selfstandige regeringsliggaam van die kerk nie, maar geheel aan die owerheid onderworpe. As die sinode teen die Remonstrante beslis, en teen die Remonstrantse predikante optree, is dit 'n „recht, aan die kerk door de state voorgeschreven.“⁵⁴⁾ Ná die Sinode word die stryd vir die selfstandigheid van die kerk in sy regering onverminderd voort gedurende die sewentiende en agtiende eeue; egter met weinig sukses. Waar die kerke hulle selfstandigheid nie wou prysgee nie, het die owerheid die kerkregering gedwarsboom, veral deur te verhinder dat die nasionale sinode byeengeroep word. Met die Franse Rewolusie teen die einde van die eeu, wat ook 'n hele politieke ommekeer in Nederland tot gevolg gehad het, het 'n nuwe beginsel na vore getree ten opsigte van die verhouding tussen kerk en staat. Kerk en staat is absoluut geskei van mekaar en die kerk kon, in teorie altans, selfstandig bestaan. Die beginsel sou egter eers laat in die negentiende eeu in die praktyk toegepas word, want na die interim as gevolg van die Franse oorheersing, is in 1816 die caesaropapistiese oorwinning

53). Acta of Handelingen der Nationale Synode in den Naam onzes Heeren Jezus Christus, Gehouden door outoriteit der Hoogmogende Heeren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlanden Te Dordrecht ten jare 1618 en 1619. J.H. Donner en S.A. van der Hoorn. Leiden. Vgl. Inleiding van die State Generaal aan „Den Hoogste machtigsten Monarchen“ enz. p.p. III. e.v.; ook „voorrede....“ p. V.

54) Ypey en Dermout: a.w. II. p.249. Vgl. ook III. p.580 e.v.

bekroon deur die optrede van koning Willem I. Hy het aan die kerke 'n reglement, waarvolgens die kerk regeer moes word, opgelê.^{55(a)}

Uit die proteste van verskillende classes teen die reglement van 1816 kom die heersende gedagtes aan die begin van die negentiende eeu betreffende die verhouding tussen die owerheid en die kerk met betrekking tot die kerkregering mooi na vore. Ook hier is dit duidelik dat nog steeds geworstel word om die twee beginsels: om die selfstandigheid van die kerk en die plig van die owerheid ten opsigte van die kerk, met mekaar te versoen sonder dat die kerk sy selfstandigheid prysgee. Klassis Tiel het met blydschap die veelvuldige belangstelling van sy Majesteit opgemerk „in den bloei van den Godsdienst, en den welvaart van hun kerkgenootschap. Zij hebben daarvan met blijdschap en dankbaarheid, ook een bewijs meenen te zien, in de pogingen door uwe Majesteit aangewend, tot Hervorming en Verbetering van het kerkelijk Bestuur van dit hun kerkgenootschap.”⁵⁵⁾ Die groot beswaar van die Klassis is egter dat die kerk in „deszelfs vervaardiging” geen doel gehad het nie.

Classis Haarlem stel die betaling van die traktement van die predikante deur die owerheid op prys, asook die beskerming wat hulle saam met ander kerkgenootskappe erlang. Ook voel hulle dat die verhouding tussen kerk en owerheid so nou is dat hulle nie van die toesig van die owerheid ontslaan wil wees nie. „Maar wij vermeenen eerbiedigst, dat dewijl het koningrijk van Jesus niet van deze wereld is, de Christenen dan ook, onbelemmerd

55(a). Vgl. J.C.A. van Loon: Het Algemeen Reglement van 1816, p.223. Bylage I.

55). J.C.A. van Loon: Het Algemeen Reglement van 1816. p.236. Bylage II.

moesten blijven in de behartiging van hunne Godsdienstige belangen, zonder aan eene al te grooten invloed van de wereldlijke magt blootgesteld te zijn."⁵⁶⁾

Classis Utrecht ontken die reg van die koning om aan die kerk 'n kerkorde te gee. Die wetgewende mag in die kerk is alleen oorgelaat aan die dienaars van die kerk. Die owerheid het alleen reg om die kerkorde goed of af te keur „als zij van invloed kunnen wezen op de belangens van den Staat."⁵⁷⁾

Die houding van die owerheid teenoor die proteste word die beste weergegee in die woorde van die Comissaris-Generaal, provisioneel „belast met de zaken der Hervormde Kerk, enz.;" in sy „berisping aan Ds. C.G. Merkus: „Aan ieder is zeker geoorloofd zijn bijzondere opinie te behouden, maar niet om uit hoofde derzelve, zich tegen op publiek gezag daargestelde verordeningen te verzetten."⁵⁸⁾ Die owerheid het ook die opperheerskappy oor die kerk as beskermmer en versorger daarvan en daarby moet die beswaardes berus.

Dieselfde probleem waarmee die beswaarde classes in 1816 sit, kom na vore in die vele „rekweste" tydens die afskeiding van 1834. Op aandrang van die kerklike besture is die afgeskeidenes vervolg en verdruk deur die owerheid, terwyl die afsetting van predikante deur die sterk hand van die owerheid oral verwerklik is. Op koning Willem word 'n beroep gedoen om die ware Kerk deur sy Vaderlike sorg te beskerm.⁵⁹⁾ Sy Majesteit

56). J.C.A. van Loon: a.w. p.243: Bylage III.

57). ibid. p.246. Bylage IV.

58). ibid. p.p. 270 en 271. Bylage XII.

59). Vgl. Dr. F.L. Bos: Archiefstukken Betreffende de Afscheiding van 1834. Deel I. 1822 - 1834. Kok Kampen 1939. p.330.

moet 'n weg vind „dat die waarheid nog eens weer algemeen mogte worden.“⁶⁰⁾ Die koning is vir die bloei van die kerk en staat verantwoordelik en hy moet as „getrouwe Vader voor land en kerk“ stry „naar aanleiding van art. 36 van onze Geloofsbelijdenisse.“⁶¹⁾ Koning Willem moet optree teen die dwaalleraars wat ds. De Cock vervolg. Ds. De Cock handhaaf die offisiële belydenis van die kerk wat deur die koning beskerm moet word. Daarom moet hy toesien dat Ds. De Cock herstel word, so dat die rekwestrante weer die voorreg mag geniet om die suiwere prediking van hom aan te hoor.⁶²⁾ Besonder tekenend is die stelling in rekwest IX: „Ofschoon het waar moge zijn, dat Kerk en Staat van elkander gescheiden zijn, zoo blijft het toch; naar het voorbeeld van alle vrome koningen onder Israël, Uwer Majesteits dure verplichting, om de regten der Kerke Gods te handhaven en de onschuld en waarheid te beschermen.“⁶³⁾

2). Konklusie:

Dr. De Groot konkludeer uit die geskiedenis, waarin veral die worsteling om die selfstandigheid van die kerk in die kerkregering teenoor die owerheid te handhaaf, op die voorgrond tree, dat die beginsels deur Calvyn en sy medestanders neergelê, met betrekking tot die verhouding tussen die owerheid en die kerk, nie kan toegepas word sonder dat die owerheid 'n gewigtige seggenskap in die kerkregering kry nie. Die gevolg daarvan is dat die suiwere kerk nie beskerm en bevorder is nie, maar veeleer dat dit verdruk en vervolg is. Gevolglik het

60). *ibid.* p.331.

61). *ibid.* p.332.

62). Vgl. *ibid.* p.p. 334 e.v.

63). *ibid.* p.339.

die oortuiging insake dié verhouding 'n verskuiwing ondergaan. „In breede kringen heeft de overtuiging veld gewonnen, dat de Kerk, zal zij waarlijk Kerk kunnen zijn en haar taak tegenover volk en Overheid getrouw kunnen verrichten, volkomen vrij van de Staat moet zijn.“⁶⁴⁾ Kuyper verklaar ook dat indien artikel 36 netso gehandhaaf word dit die owerheid gesag gee in die kerk. Só veel, dat die owerheid moet uitmaak watter kerk die ware is; dit as Staatskerk, met die uitsluiting van alle ander kerke, moet verhef en desnoods met geweld moet ingryp waar afwykinge na sy mening daarin opkom, om die ware en suiwere leer te handhaaf. Die owerstes van hierdie wêreld moet dan skeidsregters in Christus se kerk wees.⁶⁵⁾ Om artikel 36 op skriftuurlike gronde te handhaaf, is nie moontlik nie. Die reformatore het, by gebrek aan duidelike uitsprake in die Nuwe Testament, hulle op die Ou Testament beroep ter staving van die beginsels vervat in artikel 36. Dit gaan egter nie op nie vanweë die besondere verhouding tussen kerk en owerheid onder die teokratiese regeringsvorm in Israel. Die voorbeelde van die optrede van vrome konings van Israel met betrekking tot die instandhouding en bewaring van die ware godsdienst dien nie as maatstaf vir die optrede van owerhede van ander volke nie. Alleen algemene beginsels kan uit die Ou Testament, in die lig van die Nuwe Testament, vasgestel word vir die verhouding tussen kerk en owerheid, maar daar kan geen stellige wet vir alle owerhede gestel word uit Ou-Testamentiese voorbeelde, soos die reforma-

64). D.J. De Groot: a.w. p.211. Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. p. 449 e.v. waar hy daarop wys dat art. 36 N.G.B. 'n dooie letter geword het insoverre dit die uitvoering van die taak van die owerheid betref.

65). Vgl. A. Kuyper: De Gemeene Gratie III. p.p. 259. e.v.

tore gedoen het nie.⁶⁶⁾ En uit die algemene beginsels met betrekking tot die taak van sowel owerheid as kerk is dit baie duidelik dat die Skrif elke vorm van Caesaropapisme afwys. Die skrifbeginsel eis dat die owerheid sy gesag „niet over de Kerk, als geheel andersoortig, mag uitstrekken, en dat de vrijheid der Kerken, om zich naar eigen beginsel en aard te ontwikkelen, met hand en tand moet worden vastgehouden.“⁶⁷⁾ Die voorbeeld van die apostels is hier beslissend. Hulle het hulle nie aan die owerheidsdwinglandy gesteur nie. In die sake van die Koninkryk van God moet God meer gehoorsaam word as die mense.⁶⁸⁾

Hoewel Kuyper se betoog gaan teen die hele derde sinsnede van artikel 36, hierbo aangehaal, is dit opmerklik dat sy eintlike beswaarnet gemik is teen die verpligting wat aan die owerheid opgelê word om desnoods met geweld alle afgodery en valse godsdienste uit te roeien en om die ryk van die Antichristen gronde te werp. Dit is dan ook uiteindelik net hierdie beswaar wat saam met ander in die gravamen voor die sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, 1905, gedien het. Hoewel die gravamen oorspronklik teen die hele derde sinsnede gerig was, is van die gedagte om duidelikheid oor die verhouding tussen kerk en owerheid te kry, afgesien en net gehandel oor die kwessie of die owerheid geweld moet gebruik in die uitvoering van sy plig ten opsigte van die kerk. Al het die sinode dus bevind dat die woorde „om te weer en uit te roei.... om die ryk van die Antichristen gronde te rig“ nie in ooreenstemming is met die Woord van God nie en besluit om dit uit die

66). Vgl. *ibid.* p.p. 215. e.v.

67). A. Kuyper: a.w. p.219. Vgl. Prof. J.P. Jooste: *Die Roeping tot die amp van Predikant.* p.2.

68). Vgl. *ibid.* p.220.

artikel te skraap,⁶⁹⁾ het hierdie besluit tog nie 'n wesenlike verandering in artikel 36 aangebring nie. Polman sê van hierdie optrede: „Deze gang van zaken betreuren wij ten zeerste..... Men brak enkele stenen uit, maar liet de rest staan. Op precies dezelfde historische en skriftuurlijke gronden kan bezwaar ingebracht tegen de positieve taakomschrijving in deze derde zinsnede, maar daarin word niets gewijzigd.”⁷⁰⁾ Deur die skrapping van die betrokke woorde is net eensydig nadruk gelê op die vraag of die owerheid kettters mag dood. En die vraag verdien nie die eensydige aandag nie, omdat die plig van die owerheid om kettters te dood, nie in die artikel benadruk word nie. Dit volg nie uit die teks van artikel 36 „dat vir die uitvoering van die tweede deel van die taak (naamlik die taak van die owerheid met betrekking tot die geestelike lewe van die volk) dieselfde magsmiddele per se gebruik moet word as vir die eerste deel nie (nl. oor die taak t.o.v. die maatskappy).⁷¹⁾

Die vraag of artikel 36, gesien teen die historiese agtergrond daarvan, ooreenkom met die Heilige Skrif, insoverre dit die taak van die owerheid met betrekking tot die kerk betref, moet nog uitgemaak word. Is die historiese interpretasie van Kuyper, De Groot, Polman e.a. reg, het die owerheid wel 'n plek in die kerkregering as artikel 36 net so gehandhaaf bly. Dan oorkoepel die staat die kerk en het die wêreldlike owerheid ten minste die oppertoesig oor die kerklike vergaderings. So 'n toedrag van sake is egter in stryd met al die gegewens van die Nuwe Testament insake die

69). Vgl. Acta 1905. p.298 en art. 154, p. 81.

70). A.D.R. Polman: a.w. IV. p.291.

71). Handeling van die 30ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika 1949. p.217.

kerkregering. Die kerk is alleen onderworpe aan Christus; Hy regeer sy kerk deur sy ampsdraers en ken aan die wêreldlike owerheid geen plek toe in die kerkregering nie. Hy waarsku inteendeel die kerk, soos aan die begin van die hoofstuk aangedui, dat dit van die kant van die owerheid veel te ly sal hê

Die kerk is die openbaring van die Ryk van Christus en as sodanig die voorafskaduwing van die komende Ryk. in sy volkomenheid waarin God alleen sal regeer. Daarom, as eskatologiese grootheid moet die kerk ook in sy regering 'n lig vir die wêreld én 'n stad op die berg wees. In die Christusregering, al word dit nog deur die diens van mense in die kerk verwerklik tydens hierdie bedeling, word die bestemming van hierdie wêreld deur die herskeppingswerk van Christus, duidelik na vore gebring. Die kerkregering het immers as grondslag die liefdesgehoorsaamheid van die versende en herbore mens aan God. Deur Sy Woord en Gees geleer, onderwerp die burgers van die Koninkryk van God hulle gewilliglik en met vreugde aan Sy regering. En al het die kerkregering ook ten doel om die burgers van die Koninkryk te beskerm teen die aanslae van die vors van die duisternis, om die sonde teë te staan in die kerk en die ongelowiges te weer uit die kerk, dien dit tog in die eerste plek om profeties heen te wys na die volkome vervulling van die verlossingswerk van Christus op die nuwe aarde, wanneer die volk van God hulle sal verheug in die volkome onderwerping aan die Godsregering.

Kragtens die eenheid met Christus as sy liggaam en hierdie profetiese roeping is die kerk as vrug van die besondere genade in die wêreld; maar nie van die wêreld nie. En hoe nou die verband ook al is met die owerheid as instelling van God op die terrein van die algemene genade, waarmee dit moet saamwerk met die oog

op die koms van die Koninkryk van God, mag dit nooit in 'n afhanklike posisie teenoor die owerheid te staan kom nie. „Die kerk, wat die Zoon van God tot haar Hoofd en Koning heeft, en eers in die Zyn Woord en Geest geregeerd word, moet niet steunen op die swakke hulp, die die Staat met zyn uitwendige machtsmiddelen kan bieden.“⁷²⁾ Die Koninkryk van Christus

is nie van hierdie wêreld nie. Die gedagte van 'n staatskerk moet heeltewel verwerp word. Die owerheid moet die kerk as liggaam van Christus volledig erken en op geen wyse mag die kerk in 'n afhanklike posisie teenoor die owerheid te staan kom nie. Kuyper verklaar dan ook dat dit uit Handeling 4:16-21 duidelik blyk dat die kerk van Christus op aarde jure suo optree, met eie outoriteit; aan die owerheid kom aan die wyse waarop die kerk optree, geen oordeel toe nie. Die owerheid moet die kerke se reg erken om hulle as kerke aan te dien; dit is as 'n verskynsel sui generis, „En dat recht zal ze moeten toestaan aan alle kerken, die den historischen grondslag van het kerkelyk belijden, d.i. de belijdenis van de XII-Geloofsartikelen, vasthouden.“⁷³⁾

Kerk en staat is wesenlik van mekaar te onderskei en om die mag van die kerk aan die owerheid op te dra, is 'n aanranding van die Koningskap van Christus.⁷⁴⁾ Die taak van die owerheid hou alleen in dat dit die kerk moet beskerm en die groei daarvan moet bevorder deur dit in staat te stel om sy roeping te vervul.⁷⁵⁾ Wesenlik kom hierdie beskouing ooreen met dié van Calvin waar hy die beginsel duidelik stel dat die kerkregering nie die

72) D.J. De Groot: a.w. p.214.

73). A. Kuyper: De Gemene Gratie III. p.263.

74). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. p.448.

75). Vgl. J.G. Feenstra: Onze Geloofsbelijdenis. 2de Druk. Kok Kampen. 1947. p.473.

taak van die owerheid is nie; die kerk en owerheid het albei 'n eie terrein. Die kerkregering raak die inwendige mens, die siel en die owerheidsregering weer die burgerlike en openbare geregtigheid en die sedelike lewe. „Om die reden mag de kerk niet wereldsche machtsmiddelen gebruiken en niet heerschen over den staat, gelijk het ook ongeoorloofd is, dat de overheid zeggenschap heeft in de kerk.“⁷⁶⁾ Die feit dat sommige uitsprake van Calvyn, in sy oortuiging dat die owerheid 'n roeping het met betrekking tot die kerk, daartoe lei dat die owerheid deel kry aan die kerkregering, lê nie daarin dat hy die beginsel nie suiwer gesien het nie, maar daarin dat „het begrip van een zelfstandigen staat naast een vrije kerk“ nog nie vir hom duidelik geword het nie.⁷⁷⁾ Daarmee moet seker ook rekening gehou word by die historiese interpretasie van artikel 36 N.G.B. Dan is dit 'n vraag of die beginsels vervat in die artikel so ver strek as wat Kuiper, Polman en De Groot aanvaar; naamlik dat die artikel soos dit daar staan noodwendig die gedagte van 'n staatskerk inhou wat onder die oppertoesig en regering van die owerheid staan, al word aan die kerk veel vryhede gegee. Visscher wys dan ook daarop dat artikel 36 op al die voorafgaande artikels rus; die konfessie is „een weldoordacht en ook logisch samenhangend geheel.“⁷⁸⁾ In die lig van onder andere artikels 30 - 32 sou dit vreemd wees as in artikel 36 'n nuwe beginsel ingebring is, waardeur die owerheid ook deel kry aan die kerkregering. Ten spyte van wat Calvyn aan vorste geskryf het, soos deur Polman beklemtoon, waaruit gekonkludeer moet word dat volgens

76). H. Bouwman: Gereformeed Kerkrecht I. p.248.

77). Vgl. ibid. p.249.

78). H. Visscher: De Staatkundige Beginselen der Nederlandsche Geloofsbelijdenis. J. Bonthuizen 1939. p.33.

sy opvatting 'n plek vir die owerheid in die kerkregering moet ingeruim word, is dit aan die anderkant én uit sy geskriete én uit sy optrede te Genève onbetwisbaar duidelik dat hy in beginsel geen reg in sacra aan die owerheid gegee het nie. „Die positiewe bemoeiing van die owerheid beteken geen inmenging in die inwendige sake van die kerk nie. Die selfstandigheid van die kerk word ten volle gehandhaaf, net soos dié van die staat.”⁷⁹⁾ As daar 'n teëspraak in sy beskouinge aangewys kan word, sou net reg aangeneem kan word dat die vryheid van die kerk vir hom die onaantasbare beginsel is.

Visscher se besware en ook die van die sinode van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, teen die interpretasie wat Kuyper en sy medestanders aan artikel 36 gee, kom daarop neer dat hulle die geskiedenis eensydig laat spreek; terwyl verkeerdelik nie genoeg aandag gegee is aan die feit dat die owerheid op die publieke terrein, ook 'n plig het ten opsigte van die eerste tafel van die wet nie. Die taak gee nie reg tot ingryping in die kerkregering as sodanig nie, maar verplig die owerheid om op publieke terrein die eer van God te handhaaf. Afgodery, godslastering, en valse godsdienste op die publieke terrein mag nie deur die owerheid toegelaat word nie. Die owerheid moet waak dat geen religieuse ergernisse onder die volk gesaai word nie „omdat daaruit onrus en rewolusie kan opkom.”⁸⁰⁾ Die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verklaar in 1949: „Op die grondslag van die Heilige Skrif kan daar geen verskil bestaan oor die vraag of die burgerlike owerheid 'n taak het ten opsigte van beide tafels van

79). Handeling van die 30ste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. 1949. p.224.

80). Handeling 1949. p.219. Vgl. Visscher: a.w. p.p. 182, 204, 213.

van die wet en dus ten opsigte van die ware godsdiens en kerk van Christus nie, ongeag die persoonlike belydenis van die lede van die owerheid."⁸¹⁾ Wanneer die owerheid dus sy taak op sy terrein met die middele tot sy beskikking volbring, kom dit die kerk ten goede. Dan waarborg die owerheid 'n bestaansmoontlikheid vir die kerk om in vryheid sy roeping te vervul deur die Woord van God in die volkslewe uit te dra. „Gods woord heeft ons de verhouding (nl. tussen Kerk en owerheid) laten sien als die twee factoren, waarvan de ééne, de Kerk, de eindbestemming in zich draagt en de andere, de staat, de voorwaarden scheidt, die vervuld moeten zijn, als de Kerk die eindbestemming zal bereiken."⁸²⁾ As artikel 36 dan spreek van die heilige kerkdiens wat die owerheid in stand moet hou en moet handhaaf, beteken dit nie dat van die owerheid geëis word om die kerkdiens op te rig nie. Die kerk is Christus se liggaam en dank sy bestaan en voortbestaan aan Christus. Maar deur sy roeping op die publieke terrein te vervul en die kerk vry te laat op sy terrein, stel die owerheid die bestaansmoontlikhede vir die kerk daar en bevorder dit die behoorlike instandhouding en handhawing van die kerkdiens.

Uit bostaande beskouinge van sowel die voorstanders vir die wysiging van artikel 36 N.G.B., as dié vir die behoud van die artikel, konkludeer ons dat hoe die artikel ook al geïnterpreteer word, daar nogtans eenstemmigheid oor die beginsel is dat die owerheid met betrekking tot die kerkregering volgens die Heilige Skrif geen taak het nie. Daarin kom die kenmerkende

81). Handeling 1949. p.228.

82). Visscher: a.w. p.418.

van die presbiteriale kerkregeringstelsel weer eens na vore. Christus is die Koning van sy kerk en Hy alleen regeer sy kerk, al is dit ook deur die diens van mense. Die ampsdraers moet met heilige ywer waak teen alle pogings tot magsuserpasie deur die owerheid. En as hulle getrou bly aan die opdrag van Christus in die kerkregering, sal hulle veral die vyandskap, vervolging en verdrukking van die kant van die owerheid moet verduur, net soos Christus vooraf gewaarsku het en in die geskiedenis van die kerk op aarde so dikwels al werklikheid geword het. Onder dit alles moet die wat geroepe is tot die regering van die kerk, om getrou te bly steeds gedagtig wees daaraan dat die kerk in die wêreld maar nie van die wêreld is nie.
